Uitnemendheid in Onderwysleierskap: OLSOB

Cas Combrink – Hoof van Oom Paulskool, Noordwes

Toe Cas in 2012 aangestel is as hoof van Oom Paulskool "erf" hy 'n skool waarvan die geboue en terrein in 'n haglike toestand is en munisipale skuld 3.8 miljoenrand beloop. Vyf jaar later is daar geen skuld nie, die dakke van die skool en koshuise is geverf, al die geboue is geverf, die hele skool is omhein, die swembad is totaal en al oorgedoen, 'n nuwe snoepie en ablusieblok is gebou, orals op die terrein is daar bankies vir die leerders om op te sit, groot gedeeltes van die terrein is geplavei, afdakke vir parkering is opgerig, die skool het nou 'n volleyball baan, twee gras sokkervelde, algemene assistente se woonstelle is verbeter en daar is 'n pragtige kliniek gebou vir leerders. Elke klaskamer het 23 uur CCTV monitering en vier klaskamers is volledig toegerus met interaktiewe witborde. Alle toerusting in die werkswinkels wat stukkend was is vervang.

Op akademiese gebied is Cas al jare lank betrokke by die ontwikkeling van die leerplan vir Vaardigheidskole. Beleide is op standaard gebring en personeelontwikkeling is 'n hoë prioriteit. Cas het 'n goeie verhouding met die onderwysdepartement opgebou, tot so 'n mate dat die skool gebruik word as eksamensentrum en vir die aanbied van winterskole.

Op die sportgebied is prestasie op alle gebiede verbeter.

Hierdie doelgerigte man het een doel voor oë – die verbetering van die gehalte van onderrig en leer. Cas, die SAOU het geen twyfel dat jy hierdie doel bereik het by Oom Paulskool nie. Jy maak nie net jou personeel, ouers en leerders trots nie, maar ook die SAOU. Hierdie toekenning is 'n klein blykie van erkenning vir uitnemende diens gelewer.